

Hierdie patroon is vir ervare breiers.

Koste: Sowat R76,00

MATE

Om borsmaat van 86-91(97-102;107-112) cm

Ware grootte

Bors: 104 (114;124)

Lengte tot skouer

66(70;73) cm

Moulengte 45(47;49) cm

BENODIGHEDE

Pingouin Classic DK

(50 g-bolle), 13 bolle olyfgroen (kleur nr 79), of denimblou (54);

paar elk Inox-breinaalde van 3,75 mm en 4,50 mm; 2 stekehouers

SPANNING

32 ste en 26 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 4,50 mm-Ne.

Die regte spanning is uiters belangrik; indien daar minder steke in jou toetslappie is moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

alt – alternatiewe

adl – agter deur lus

aw – brei aweregs

beg – begin

drif – dubbelrif, r2, aw2

herh – herhaal

k6v(a) – kabel 6 voor (agter) -

glijp vlg 3 ste op kn, hou aan

voor(agter-) kant van werk,

r3, dan r3 ste op kn.

kn – kabelnaald

ks – koussteek (een ry regs, een ry aweregs)

m1 – maak 1 st deur lus, wat voor vlg st lê, op te tel en adl te brei

N(e) – naalde

oorbl – oorblywende

pat – patroon

r – brei regs

rif – riffelsteek, r1, aw1

R(V)K – regte (verkeerde)

kant van werk

st(e) – steek(steke)

tes – tesame

vermeer – vermeerder

vermin – verminder

vlg – volgende

weersk – weerskante

Kabels vir hom

Brei vir hom 'n sportiewe kabeltrui. Deur
Riana van der Merwe




foto WILLEM DE LANGE ;
stilering RIANA VAN DER
MERWE; langbroeke
STUTTAFORDS; golftoerus-
ting THE CLUBHOUSE,
MENLYNPARK
(012) 348 6626;
skoene EARTHBOUND
(012) 64 7693

AGTERPANT

**Gebruik 3,75 mm-Ne en stel 88(106;124) ste op.
Brei 7(7;8) cm drif. **Vermeer in laaste ry soos volg:**

Vermeer-ry: rif 3, *m1, rif 2, m1, rif 1* tot laaste st, rif 1 - 144(174;204) ste.

Slaan oor na 4,5 mm-Ne en pat.

1e (RK-) ry: *aw2, r2, aw2, r12, aw2, r2, aw2, r6, *; herh tot laaste 24 ste, aw2. r2, aw2, r12, aw2, r2, aw2.

2e en elke alt ry: Brei ste soos hulle voorkom.

3e ry: *aw2, r2, aw2, k6v, r6, aw2, r2, aw2, k6v*; herh tot laaste 24 ste, aw2, r2, aw2, k6v, r6, aw2, r2, aw2.

5e ry: *aw2, r2, aw2, r6, k6a, aw2, r2, aw2, r6*; herh tot laaste 24 ste, aw2, r2, aw2, r6, k6a, aw2, r2, aw2.

6e ry: Soos 2e ry
Dié 6 rye vorm patroon.**
Brei pat tot AP sowat 66(70;73) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Skouervorming: Heg 48(60;72) ste af aan beg van vlg 2 rye.
Plaas oorbl ste op 'n stekehouer.

VOORPANT (slegs rondhals-trui)

Soos agterpant van ** tot **.
Brei pat tot voorpant ongeveer 57(60;62) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Halsvorming, vlg ry: Brei 57(72;87) ste pat, draai.
Brei slegs op dié ste.

***Hou pat deurlopend, maar vermin aan halsrand 1 st in elke ry tot 48(60;72) ste oorbly.
Brei pat sonder vermin tot voorpant so lank is soos agterpant tot skouervorming, eindig met VK-ry. Heg af.***

Met RK voor, glip 30 ste van linkernaald op 'n stekehouer, heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, brei pat tot einde.

Voltooi om met eerste skouer ooreen te stem, van *** tot ***, maar eindig met 'n RK-ry, heg daarna af.

VOORPANT (slegs V-halstrui)
Soos agterpant van ** tot **.
Brei voort tot voorpant sowat 44(46;47) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Halsvorming, vlg ry: Brei 70(85;100) ste pat, r2tes. Plaas oorbl ste op 'n stekehouer.
****Brei 1 ry pat. Hou pat deurlopend, maar vermin aan halsrand 1 st in elke alt ry tot 48(60;72) ste oorbly. Brei voort in pat sonder vermin, tot voorpant so lank is soos agterpant tot skouervorming, eindig met 'n VK-ry. Heg af. ****

Glip ste van stekehouer oor op N en met RK voor, heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas, r2tes, brei pat tot einde. Voltooi om met eerste skouer ooreen te stem van **** tot ****, maar eindig met 'n RK-ry en heg daarna af.

MOUE

Gebruik 3,75 mm-Ne en stel 46(52;60) ste op.

Brei 7 cm drif, vermeer oor laaste ry soos volg:

Vermeer-ry: rif 5(5;4), *m1, rif 1* tot laaste 4 ste, m1, rif tot einde - 84(96;114) ste.

Slaan oor na 4,50 mm-Ne en pat.

Slegs 1e en 3e grootte: 1e (RK-) ry: *aw2, r2, aw2, r12, aw2, r2, aw2, r6*; herh tot laaste 24 ste, aw2, r2, aw2, r12, aw2, r2, aw2.

2e ry: Brei ste soos hulle voorkom.

3e ry: *aw2, r2, aw2, k6v, r6, aw2, r2, aw2, k6v*; herh tot laaste 24 ste, aw2, r2, aw2, k6v, r6, aw2, r2, aw2.

4e ry: Soos 2e ry

5e ry: *aw2, r2, aw2, r6, k6a, aw2, r2, aw2, r6*; herh tot laaste 24 ste, aw2, r2, aw2, r6, k6a, aw2, r2, aw2.

6e ry: Soos 2e ry.

Slegs 2e grootte: 1e (RK-) ry: *aw2, r2, aw2, r12, aw2, r2, aw2, r6*; herh tot laaste 6 ste, aw2, r2, aw2.

2e ry: Brei ste soos hulle voorkom.


3e ry: *aw2, r2, aw2, k6v, r6, aw2, r2, aw2, k6v*; herh tot laaste 6 ste, aw2, r2, aw2

4e ry: Soos 2e ry

5e ry: *aw2, r2, aw2, r6, k6a, aw2, r2, aw2, r6*; herh tot laaste 6 ste, aw2, r2, aw2.

6e ry: Soos 2e ry.

Dié 6 rye vorm die patroon. Brei pat, vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg 6e



ry, tot daar 116(132;150) ste op N is, neem vermeer-ste in pat op.
Brei tot werk 45(47;49) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry. Heg af.

HALSBOORDJIE (Slegs ronde hals)

Werk regterskouernaat toe.
Met RK voor en 3,75 mm-Ne, tel op en r19(22;25) ste uit linkerhalsrand van VP, r30 ste op stekehouer en tel op en r19(22;25) ste uit regterhalsrand van VP, r48(54;60) ste op stekehouer aan AP - 116(128;140) ste. Brei 10 cm drif. Slaan oor na 4,50 mm-Ne en brei drif tot boordjie 20 cm lank is. Heg rifs-gewys af.

HALSBOORDJIE (Slegs V-hals)
Werk regterskouernaat toe.
Met RK voor en 3,75 mm-Ne, tel

op en r47(53;59) ste uit linkerhalsrand van voorpant, tel op en r47(53;59) ste uit regterhalsrand van VP, r48(54;60) ste op stekehouer aan AP 142(160;178) ste.

Let wel: Die 47e(53e;59e) st van linkerhalsrand en die eerste st van regterhalsrand van VP is die twee middelsteke; brei hulle deurgaans regs aan RK en aw aan VK en brei aw2tes aan weersk van hierdie middelsteke.
1e (VK-) rif-ry: aw2, r2 (23;26;29) keer, aw2tes, aw2, aw2tes, (r2, aw2) tot laaste 0(2;0) ste, r0(2;0). Brei 3,5 cm rif, hou middel-ste deurlopend. Heg rifs-gewys af.

AFWERKING

Werk halsboordjie en linker-skouernaat aaneenlopend toe.
Werk moue vas.
Werk sy- en mounate toe.
Moenie pars nie.